Seisoene, storms en woestyne

Verstaan die swaarkry-tye in jou lewe



Die voorreg om 'n kind van God te wees is nooit méér betekenisvol as in die seerkry-tye van die lewe nie.

Spesifikasies:

ISBN:	978-1-77000-785-7
Prys:	R79,95
Vrystellingsdatum:	Einde Julie 2009
Kategorie:	Christelike leefwyse
Teikenmark:	Algemeen
Formaat:	131 x 193 mm
Bladsye:	144
Omslag:	Sagteband

God gebruik seisoene, storms en woestyne om sy doel in ons lewens te verwesenlik. In ***Seisoene, storms en woestyne*** verduidelik Isak Burger hoe moeilike tye in 'n mens se lewe ook sin en betekenis kan hê al verstaan jy dit nie in daardie stadium nie.

Die boek is in drie afdelings verdeel. In "Seisoene" word die belang van die afwisseling tussen seisoene beklemtoon en dat elke seisoen onmisbaar is. In "Storms" word daar verduidelik dat niemand onbepaald die storms van die lewe kan vryspring nie en dat lesers sensitief moet wees vir die impak van 'n storm op ander mense se lewens. In "Woestyne" word daar gefokus op die sameloop van omstandighede wat jou dikwels eensaam laat voel en jou laat dink dat God ver van jou af is. God gebruik juis woestyne as plekke van opleiding en voorbereiding.

Seisoene, storms en woestyne sal lesers inspireer om te leer en te groei uit hulle moeilike omstandighede.

KORT KOPIE

Niemand kan onbepaald moeilike tye en seerkry vryspring nie. Isak Burger verduidelik in ***Seisoene, storms en woestyne*** hoe moeilike tye in 'n mens se lewe uiteindelik sin en betekenis kan hê en hoe God jou daardeur help.

OOR DIE OUTEUR

Isak Burger is die president van die AGS. Hy tree dikwels op as spreker en is die outeur of mede-outeur van verskeie boeke en artikels. Hy is een van die stigterslede van Christelike Televisie in Suid-Afrika en dien reeds vir jare as direkteur van Radiokansel en CNW. Isak is getroud met Heletia en hulle het 'n seun en twee dogters. Hulle woon sedert 1983 op 'n kleinhoewe in Centurion.

UNIEKE VERKOOPPUNTE

- Gewilde, topverkoper-outeur.

ANDER BOEKE DEUR DIE OUTEUR

- Die geesteswêreld (Christelike leefwyse/Algemeen)
- Soms sê Jesus nee (Christelike leefwyse/Algemeen)